

Selfverloëning is om vir God die lewe te leef waarin Christus jou laat deel, dit is nie om selfloos te wees nie

ds. PJ Kriel

Geloofsgehoorsaamheid 07

26.08.2018

Inhoud Hierdie preek wys wat is die verskil tussen Christelike selfverloëning en die geestelikheid om selfloos te wees. Selfverloëning is die teenoorgestelde van die verloëning van Christus, soos Petrus Hom verloën het. Selfverloëning is om te glo dat Christus sy lyding, kruisiging, sterwe en opstanding met jou deel en jou só onsluit dat jy vir God skuldloos, strafloos, heilig en regverdig voor sy wet staan. Wie homself só in Christus aanvaar en nie as skuldig, strafbaar, onheilig en onregverdig voor die wet aanvaar nie, het homself verloën. In hierdie selfverloëning kan gelowiges weer hul self gee om God en hul naaste volgens God se wet lief te hê. Dit is die teenoorgestelde daarvan om jou hart, lewe, eie-ek, beheer van jou lewe vir God te gee om jouself te regverdig en só dan 'n selflose mens te wees wat jouself nie meer in liefde kan gee nie.

Skriflesing Matteus 16: 21 – 25; 26: 34, 75; Gal. 2: 15 – 21; Fil. 3: 3 – 12.

Teks Gal. 2:19.20 “Met Christus is ek gekruisig; ²⁰ ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my.” (Direkte Afrikaanse vertaling)

Tema Selfverloëning is om vir God die lewe te leef waarin Christus jou laat deel, dit is nie om selfloos te wees nie

1. Selfverloëning is nog 'n nuwe manier waarop hulle wie in Jesus Christus glo die Tien Gebooie gehoorsaam.

Christus kondig vir die eerste keer vir sy dissipels aan dat Hy moet gaan ly, doodgemaak word in Jerusalem en op die derde dag uit die dood uit opgewek moet word in Matteus 16: 21. Voor hierdie openbaring het sy dissipels niks hiervan geweet of geglo nie.

Met die stelling dat wie agter Christus aankom, homself moet verloën, wys die Here op die nuwe wyse waarop sy dissipels die Tien Gebooie gaan gehoorsaam. Om agter die Here aan te kom, beteken om te glo in wie Hy is soos Hy Homself hier die eerste keer geopenbaar het. Wie in Hom glo vir wie Hy is en wat Hy in Jerusalem moet gaan doen, moet homself verloën in sy gehoorsaamheid aan die wet van God.

2. Wat is selfverloëning?

Dit is om te nie te glo wie jy is en dit te ontken met die verklaring: “Dit is nie ek nie!”, al is dit wie jy is.

Die woord “verloëning wat die Here hier gebruik, is nie toevallig nie. Met hierdie woord stel die Here Petrus nou reeds voor wat hy as Petrus met die Here gaan doen in Matteus 26: 69 – 75.

Selfverloëning is om vir God die lewe te leef waarin Christus jou laat deel, dit is nie om selfloos te wees nie

Petrus se verloëning van Christus beteken die volgende: Hy leef en werk vir amper drie jaar lank saam met die Here. Hy is die Here se dissipel en vertroueling en is as mens bereid om sy lewe vir die Here af te lê vir dit wat hy glo die Here moet wees en moet bereid in Jerusalem.

En dan maak hy in Jerusalem hierdie verklaring oor die Here wat doen wat Hy gesê het Hy gaan doen: om te ly, dood te gaan en die derde dag uit die dood uit op te staan: “Ek weet nie waarvan jy praat as jy sê ek ken Jesus Christus nie, ek ken nie die man waarvan jy praat nie”

Dit is presies wat Petrus al in Matteus 16: 22 van die begin af gestel het. Toe Jesus verklaar dat Hy moet ly, doodgaan en uit die dood opstaan, het hy Jesus berispe om nie so te dink nie, want God sal nooit só iets met Hom laat gebeur nie. Met hierdie teenkanting het Petrus reeds in Matteus 16 gestel dat hy nie hierdie man wat wil gaan ly, doodgaan en uit die dood opstaan ken nie. Reeds in Matteus 16 verloën Petrus wie Christus is.

Christus gebruik die woord verloën dan met presies die teenoorgestelde bedoeling as Petrus se verloëning van Christus, deur te stel dat wie in Hom glo, dus Hom nie soos Petrus verloën nie, moet hul self verloën. Met die verklaring dat sy dissipels hulle self gaan verloën, draai die Here presies wat Petrus van Hom sê en met Hom gaan doen om, en stel dat wat Petrus met Christus gaan doen, moet sy dissipels met hul self doen!

Selfverloëning is om presies met jouself te doen wat Petrus met Christus gedoen het. Die Here wys dat selfverloëning is nie om vir, en van Christus te sê, “Ek ken nie dié man nie”, maar om van jouself te sê: “Ek ken die man nie.” Die mens wie ek is en met wie mee saamleef, myself – ek ken nie die man, vrou, seun of dogter wat die wet van God wys wie ek is nie. Die nuwe manier om na die Tien Gebooie te luister omdat jy die Here ken, is om van jouself oor dit wat die wet vir jou van jouself wys te moet sê: “Ek ken nie myself só, soos die wet wys wie ek is nie.”

3. Selfverloëning is die nuwe manier om die Tien Gebooie te gehoorsaam, omdat jy Jesus Christus ken en vertrou. Dit ontdek jy wanneer die Tien Gebooie jou onbloom vir wie jy is.

- Ken jy die mens wie die gebod “jy moet jou vader en moeder eer”, só ontbloom: die mens wie nie eerbied en ontsag het vir mense met gesag en in gesagsposisies nie, maar hul gesag bespotlik maak, ignoreer en verkleineer?
- Ken jy die mens wie die gebod, “jy mag nie doodslaan nie”, só ontbloom: die mens wie nie ander mense se persoon eer nie, maar sleg sê, beskinder en van kwaadpraat?

Selfverloëning is om vir God die lewe te leef waarin Christus jou laat deel, dit is nie om selfloos te wees nie

- Ken jy die mens wie die gebod, “jy mag nie egbreuk pleeg nie”, só ontbloom: “die mens wie van ander mense seksobjekte maak in sy drifte, met sy gedagtes en fantasieë?
- Ken jy die mens wie die gebod, “jy mag nie steel nie”, só ontbloom: die mens wie wil besit sonder om te verdien en wat hy besit vertonerig deurbring?
- Ken jy die mens wie die gebod: “jy mag nie valse getuienis gee oor jou naaste nie”, só ontbloom: die mens wie wanbeelde skep van mense om hulle die karikature te maak wie hy wil hê hulle moet wees om sy eie ontoereikendheid te regverdig?
- Ken jy die mens wie die gebod, “jy mag nie wie ander is en het begeer”, só ontbloom: die mens wat nooit selfvergenoegd met wie hy is en wat hy het, kan wees nie?

Hierdie mens staan voor God se wet uitgewys as skuldig, verkeerd, veroordeel, vervloek en aangekla op só 'n wyse dat hy hom of haar self moet reg kry en reghou! Wie hom/haar self só voor God se wet ontdek, kan ontdek wat die Here se opdrag beteken om jouself te verloën.

Selfverloëning is om van jouself te glo en te verklaar: “Ek is nie en ken nie die mens wie die wet ontbloom vir wie ek is nie.”

4. Petrus verloën die Christus wat vir sondebaars gekruisig word, sterf, uit die dood uit opstaan en aan die regterhand van God gaan sit, met die verklaring: “Ek ken die man nie!” (Mat.26: 74; 16: 22)

In Fil. 3: 10 verloën Paulus homself met die geloofsverklaring: “Al wat ek wens, is om Christus te ken, die krag van sy opstanding te ondervind, en deel te hê aan sy lyding deur aan hom gelyk te word in sy dood,”

In Fil.3 stel Paulus dat omdat Hy Christus ken, ken hy nie meer homself as die man wie die wet hom voor ontbloom nie. Die wyse waarop Hy Christus ken, is om te streef om alles wie Christus onder die wet van God is, syne te maak, omdat Christus reeds alles wie Paulus voor God se wet is, syne gemaak het.

Ingesluit in Christus se dood, deel Christus alles wie Christus vir ons in ons plek is.

- ons skuld is sy skuld,
- ons veroordeling is sy veroordeling,
- ons vervloeking is sy vervloeking,
- ons aanklagte is sy aanklag en
- ons verwerping is sy verwerping deur die wet.

Selfverloëning is om vir God die lewe te leef waarin Christus jou laat deel, dit is nie om selfloos te wees nie

Deur ons in te sluit in Homself, deel die Here alles wat ons as sonbaar is en neem dit vir ons weg met sy lyding, kruisiging, sterwe, begrafnis en ter helle neerdaling.

Ingesluit in die krag van Christus se opstanding deel Paulus in wie Christus vandag as mens in die hemel is: heilig en regverdig voor God se wet.

- Sy heiligheid as mens, is ons heiligheid.
- Sy regverdigheid as mens, is ons regverdigheid.
- Sy smetloosheid as mens, is ons smetloosheid.

Paulus verloën homself as mens in Christus deur te verklaar dat daardie mens wie hy probeer wees het deur onberispelik te wees in sy poging om homself vir God as skuldige, veroordeelde, aangeklaagde, vervloekte en verwerpte mens, self reg te kry, en vir God reg te hou, hy nou as 'n waardelose mens beskou, 'n mens wie hy prysgee het en wie hy verwerp het. (Fil. 3:7 – 8)

Sy selfverloëning is dat hy nie meer erken dat hy die mens is wie die wet van God hom voor ontbloom nie. Hy ken homself nou as die mens wie Christus hom laat wees voor God se wet: heilig en regverdig, onskuldig en verheerlik, geseënd en aangeneem. Só ken Hy Christus en verloën hy homself.

5. Selfverloëning is om vanoggend die nagmaal te gebruik!

Met die nagmaal gee die Here vir ons 'n teken waarmee ons kan glo en bely: “Ek ken daardie man!” Ek ken Jesus Christus wat sondeloos was, maar as sonbaar gebreek is deur die oordeel, die aanklagte, die vervloeking, straf en verwerping van God in sy toorn, woede, grimmigheid en haat vir sonde. In hierdie gebreekte brood en wyn wat uitgegiet is, kan jy daardie mens Christus ontvang, ken en Hom vertrou vir wie Hy vir jou is.

Deur hierdie brood en wyn in hierdie geloof te ontvang, ontvang jy Hom en kan jy dit in geloof bely: “Ek ken Hom”.

Met die nagmaal ontvang ons ook van die Here 'n teken waardeur ons van onself kan glo en bely: “Ek ken nie myself soos die wet van God my vir my sonde ontbloom nie. Ek ken nie die man, vrou, seun en dogter wat hierdie wet my voor ontbloom nie. ” Want ek staan nie voor God in oordeel, aangekla, vervloek, strafbaar of verwerplik vir die sondes wat ek doen nie. Ek ken myself in Christus as die heilige en regverdige mens wie Hy my vir God laat wees.

Dit is die mens wie ek is omdat ek die brood eet en die wyn drink: Syne is myne en myne is Syne.

Selfverloëning is om vir God die lewe te leef waarin Christus jou laat deel, dit is nie om selfloos te wees nie

Daarom is selfverloëning om die nagmaal in hierdie geloof te ontvang en te gebruik: Ek ken Christus. Al wat ek wens is om ingesluit te wees en te deel wie Hy vir my in my plek is. Ek ken myself nie as die mens wie sy eie lewe met God moet regkry en reghou nie.

6. Hoe luister ons anders na God se wet, omdat ons onself verloën?

Petrus se verloëning van Christus se lyding en opstanding vir sondaars, beteken dat Petrus sy eie lewe wil red van sonde om vir God te leef. (Mat.16:25 DAV) Dit plaas Petrus in die valstrik dat hy die lewe wat hy vir God moet lewe, vir God as losprys moet gee vir sy sonde. (Mat. 16:26)

Dit is 'n valstrik want wie homself en sy lewe as losprys vir sonde, dit is as skuldoffer, moet prysgee, het nie meer 'n lewe om vir God te leef nie. Hy het homself verloor en 'n selflose mens geword. Hy het homself verloor deur homself 'n skuldoffer vir sonde te maak. Om jou lewe ter wille van Christus te verloor, is nie om selfloos te word nie. Dit beteken dat sy lewe die losprys vir jou sonde is, sodat jy God kan liefhê met jou hart, siel, wil en verstand en niks van jouself hoef op te offer vir sondes nie.

Om jou lewe ter wille van Christus te verloor, beteken dat deur jou geloof in sy lyding en opstanding, ken jy jouself, en gee jy jouself as 'n heilige en regverdige mens om God lief te hê met jou hele hart, siel, verstand en al jou krag, en jou naaste soos jouself.

Wie Christus ken, verloor nie sy lewe as losprys vir sonde nie, maar verloor 'n lewe van mag en wins vir 'n lewe waarin ek myself in liefde aan God en sy naaste gee. (Mat. 16:26) Selfverloëning as die geloofsdaad waarin ek weier om myself as die skuldige, veroordeelde, aangeklaagde, vervloekte en verwerpte mens te aanvaar, wie die wet my voor ontbloom, en myself te aanvaar in die vertroue wie Christus se losprys my vir God maak, is die enigste wyse waarop sondaars God volgens sy wet kan liefhê met hulle hele hart, siel, verstand en al hul kragte, en hul naaste soos hul self. Want jy kan jouself net in liefde gee, en bly gee, as jy sonder skuld, oordeel, vervloeking, straf en verwerping leef vir die liefde wat jy gee.

Om jouself in liefde te gee, is nie selfloosheid nie. Wie selfloos is, kan homself nie in liefde gee nie.

7. Dit is ook die inhoud van Paulus se geloofsbelydenis met hierdie woorde:

¹⁹ Inderdaad, deur die wet ek die wet afgesterf, sodat ek vir God leef. Met Christus is ek gekruisig; ²⁰ ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my! Die lewe wat ek nou liggaamlik leef, leef ek in die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het. (Gal. 2 DAV)

Selfverloëning is om vir God die lewe te leef waarin Christus jou laat deel, dit is nie om selfloos te wees nie

Hy het die mens wat hy deur die wet is, die skuldige, veroordeelde, aangeklaagde en strafbare mens voor God, afgesterf. Hy ontken dat hy daardie mens voor God is. Hy erken en kan homself nou as die mens wat vir God leef. Die wyse waarop hy vir God leef is om God met sy hele hart, siel, verstand en al sy krag lief te hê, en sy naaste soos homself.

Hierdie is die nuwe lewe van geloofsgehoorsaamheid. Paulus stel dat dit die lewe vir God is uit die geloof in die losprys vir sondeskuld en oordeel wat Christus vir hom gegee het. Wie in hierdie geloof leef, leef in die liefde wat God vir jou het, buite enige oordeel en skuld.

Hierdie lewe in en uit die geloof in Christus se liefde, maak dat ek myself ook in liefde aan god kan toewy: skuldloos, strafloos en oordeelloos voor God vir die wyse waarop ek Hom volgens sy gebooie liefhet.

8. Liefde kan nooit beteken om jou menswees vir God en jou naaste te moet verloor nie. Selfverloëning is nooit die ontkenning van jou menswees vir God en jou naaste nie. Dit is juis net presies die teenoorgestelde. Daarom stel die Here dat wie homself verloën, sal homself as mens en sy menslikheid vir God vind.

Hoe jy jouself vir God verlore laat gaan, is hoe mense hulle self teenoor God probeer behoue laat bly!

Hoe jy jou menslikheid deur geestelikheid verloor, om jouself vir God behoue te laat bly, kan ons kan dit toelig met 'n voorbeeld van 'n tiener met 'n selfoon en 'n geestelike leier wat die tiener se selfoon by hom wil afvat. Hierdie onteining sal byvoorbeeld só verloop.

Die geestelike leier sal vir die tiener vra of hy 'n kind van die Here is of 'n kind van die duiwel is. Met hierdie vraag stel die geestelike so 'n tiener onmiddellik in die posisie om homself te regverdig, vir God behoue te laat bly, en moet hy antwoord: "Ek is 'n kind van die Here." Hierna kom die volgende vraag: is jy 'n gehoorsame of 'n ongehoorsame kind van God? Op só 'n vraag moet 'n tiener dan antwoord, dat hy probeer om 'n gehoorsame kind van God te wees, anders is hy vir God verlore. Die opvolgvraag klink dan só: sal jy bereid wees om vir die Here te gee wat die Here van jou vra, of is jy iemand wat selfsugtig teenoor God is? Op hierdie vraag moet die tiener dan antwoord dat hy bereid is om te gee wat die Here vra.

Dan kom die onteining! Die geestelike sal vir die tiener vertel, soos hy vir alle mense vertel, dat hy met die Here hierdie diep, persoonlike en innige verhouding het en dat God elke dag op 'n spesiale manier met hom praat, en dat die Here vir hom gesê het dat die tiener sy selfoon vir die Here moet gee, want die Here het dit nodig. Hy stel dat die tiener sy selfoon vir die Here moet gee, terwyl hy sy hand uithou na die tiener se foon, en die tiener gee sy foon. Wanneer jy dan vir tiener vra vir wie het

Selfverloëning is om vir God die lewe te leef waarin Christus jou laat deel, dit is nie om selfloos te wees nie

hy sy foon gegee, dan moet hy antwoord: “Vir die Here”, terwyl die geestelike dit by hom afgeneem het. Onteien in die Naam van God! Onteien deur ’n mens wat jou goed vat terwyl jy glo jy gee dit vir God! Jy het jou eiendom verloor omdat jy jouself vir God probeer behoue laat bly het met ’n selfregverdigende geestelikheid.

Só vat hulle jou plaas, jou lewe, jou hart, jou taal, jou eiendom en jou bestaanreg terwyl jy glo jy moet wie jy is verloor om vir God behoue te bly!

9. Dit is hoe mense van hulle menslikheid deur priesters, pastore en predikante onteien word, om selfloos te wees. Hulle moet hul harte, lewens, eie-ek, die beheer van hul lewe, afstaan en verloor as ’n skuldoffer vir God! En dan is hulle binne die strik dat wanneer jy jou hart, lewe, eie-ek, die beheer van jou lewe en jou self afgestaan het om jouself vir God reg te kry, reg te maak en reg te hou, jy jouself verloor het. Jy het jouself selfloos geword, niks geword vir jouself, vir God en jou naaste.

Want ’n mens wat sy hart verloor het, sy lewe verloor, sy eie-ek verloor het, die beheer van sy lewe verloor het en homself verloor het, is nie ’n geredde mens nie. Dit is ’n verlore mens! Dit is ’n mens wat alles waarmee en waardeur hy God moes liefhê, aan geestelikes verloor het en niks meer van homself is nie.

Die mens wat sy skuld, oordeel en straf onder die wet kan ontken, omdat hy Christus ken as die Een wat sy lewe as offer en losprys gegee het, kan homself in liefde vir God wees. Hy het homself gevind om God as homself vir God in liefde te kan gee. Ek kan God liefhê!

- Liefhê met die menslike hart wat God vir my gegee het, wat ek nie vir God moet terug gee nie.
- Liefhê met my menslike lewe sodat ek die lewe wat ek liggaamlik leef in liefde vir God en my naaste. Ek gee nie my lewe oor as offer aan God of staan dit aan God af as iets wat nie meer myne is nie.
- Liefhê met my menslike wil volgens sy gebooie, sonder dat ek my wil verloor om vir God ’n willose mens te wees.
- Liefhê met my aanspreeklikheid, beheer en keuses waarin ek myself in liefde aan God wy en nie vir God passief word nie
- Liefhê met my eie-ek en selfwees as mens sonder dat ek vir God afwesig word as ’n selflose mens.

Om jou menswees en menslikheid aan God af te staan, is hoe jy vir God verlore is, nie hoe jy jouself vir God verloën om Hom as mens lief te hê nie.

Selfverloëning is om vir God die lewe te leef waarin Christus jou laat deel, dit is nie om selfloos te wees nie

10. In die nagmaal staan ons vanoggend voor hierdie verskil!

Gaan ek in en deur die nagmaal myself verloën of gaan ek myself in en deur die nagmaal myself verloor om selfloos te wees?

Die wyse waarop u uself voor die nagmaalteken moet verloën is die geloofsbelydenis: “Ek ken Christus, en al wat ek wens is om Hom te ken en te deel in sy lyding vir my en sy opstanding vir my! Ek is in Christus ingesluit en Hy is in my plek die skuldige en veroordeelde mens onder die wet wat ek nooit weer sal wees nie en ek is saam met Hom die heilige en regverdige mens, wie ek myself nooit kan maak deur my gehoorsaamheid aan die wet nie.”

Wanneer u die brood en wyn so ontvang en gebruik, verloën u uself! Dan doen u presies die teenoorgestelde wat Petrus gedoen het met sy verklaring: “Ek ken nie die man nie.”

In hierdie selfverloëning sal u weer die vryheid ontvang – ek kan en mag my Skepper liefhê met my hele hart, siel, verstand en al my krag en my naaste soos myself. Ek kan myself in liefde gee en toewy, en so weer myself vind as die mens wie ek bedoel is om te wees.

Wanneer u hierdie teken opneem as die teken van hoe u uself vir God as slaglam vir u sonde gaan gee, hoe u uself en wie u is vir God gaan verloor deur jou hart, jou lewe, jou eie-ek, jou self vir God op te offer, gaan jy in hierdie geestelike strik inloop: ek gaan myself selfloos maak om vir god en my naaste niks te wees nie.

Wie in homself niks is nie, het sy lewe verloor. Hy kan homself nie meer gee om God en sy naaste lief te hê nie.

Kom ons neem die tekens van die nagmaal in ontvangs en verloën onself sodat ons onself weer skuldloos kan gee om God en ons naaste lief te hê!